

## Nuwe Testament - Gesondheid en Geneesing

"Maar so sal die nuwe verbond wees wat Ek na hierdie tyd met Israel sal sluit," sê die HERE. "Ek sal my wette in hulle gedagtes plant en op hulle harte skryf. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. Dit sal nie vir hulle nodig wees om vir hulle bure of familie te sê: 'Ken die HERE, leef soos die HERE van julle verwag,' nie. Almal, van die geringste tot die belangrikste, sal My reeds ken," sê die HERE. "Ek sal al hulle oortredings en hulle sondes vergewe. Ek sal nooit eers daaraan dink nie." (Jeremia 31:33-34)

### Die Sleutel tot God se koninkryk

Ek verklaar nou vir jou: 'Jy is Petrus. Op dierdie rots sal Ek my kerk oprig, en al die magte van die hel sal dit nie oorwin nie. Ek vertrou die sleutels van God se koninkryk aan jou toe. Wat jy ook al op aarde toesluit, sal toegesluit bly, en wat ook al oopsluit, sal ook by god oopgesluit bly.' (Matteus 16:18-19)

Dit verseker Ek julle. Wat julle ook al op aarde sou afwys, sal ook voor God verbode wees. Maar wat julle ook al in orde vind, sal ook voor God in orde wees. "Boonop verseker Ek julle: As twee van julle hier op aarde sou saamstem oor enigiets wat julle van God behoort te vra., sal my hemelse Vader dit vir julle doen. Waar twee of drie bymekaarkom omdat hulle my mense is, is Ek immers ook saam met hulle daar." (Matteus 18:18-20)

"Ellende wag vir julle, wetskenners! Want julle verberg die sleutel tot kennis vir die mense. Julle gaan self nie die koninkryk binne nie, en julle verhinder ander om in te gaan." Toe Jesus klaar gepraat het, was die wetskenners en Fariseërs woedend. Van toe af het hulle Hom met baie vyandige vrae probeer vastrek om iets te sê wat hulle teen Hom kon gebruik. (Lukas 11:52-54)

Jesus het nou deur die hele Galilea rondgegaan en die Goeie Nuus van die koninkryk aangekondig deur die mense in hulle sinagoges te onderrig en elkeen onder die volk wat 'n siekte of kwaal gehad het, gesond te maak. Kort voor lank het die nuus oor Hom oor die hele provinsie van Sirië versprei. Die mense het almal wat siek was, na Hom toe gebring: dié wat geteister was deur allerhande siektes en pyne, dié in wie daar duiwels was, epileptici, verlamdes - en Hy het hulle gesond gemaak. (Matteus 4:23-24)

Daar kom toe onverwags 'n melaatse nader en val voor Jesus neer met die woorde: "HERE, as U wil, kan U my gesond maak." Daarop steek Jesus sy hand na hom toe uit, raak hom aan en sê: "Ek wil dit vir jou doen. Word gesond!" En dadelik het sy melaatsheid verdwyn. Jesus sê toe vir hom: "Sorg dat jy vir niemad vertel nie. Maar gaan wys die priester daat jy gesond is, en bring die offer wat Moses voorgeskryf het. So sal jy vir almal duidelik bevestig dat jy gesond geword het." (Matteus 8:2-4)

Toe Hy in Kapernaum aankom, kom pleit daar 'n Romeinse offisier by Hom: "HERE, my slaaf lê verlam by my huis en hy verduur verskriklike pyn." Jesus sê vir hom: "Ek sal hom kom gesond maak." Maar die offisier antwoord Hom: "HERE, ek is nie goed genoeg dat U onder my dak inkom nie. Sê maar net die nodige woord, en my slaaf sal gesond word." (Matteus 8:5-8)

Daarop sê Jesus vir die Romeinse offisier: "Gaan huis toe. Soos jy geglo het, sal dit vir jou gebeur." En op daardie presiese oomblik het sy slaaf gesond geword. (Matteus 8:13)

Toe Jesus by Petrus se huis kom, sien Hy dat Petrus se skoonma met 'n hoë koors siek in die bed lê. Hy het haar hand aangeraak en die koors het haar verlaat. Sy het opgestaan en Hom bedien. (Matteus 8:14-15)

Teen die aand het hulle baie duiwelbesetenes na Hom toe gebring. Hy het daardie bese geeste uitgedryf deur hulle aan te spreek en Hy het almal wat siek was, gesond gemaak. So het die uitspraak van Jesaja waar geword wat lui: "Hy het ons kwale sy eie gemaak, en ons siektes het Hy op Homself geneem." (Matteus 8:16-17)

Toe Jesus oorkant die see in die land van die Gadareners aankom, kom twee duiwelbesetenes uit die begraafplaas Hom tegemoet. Hulle was sulke woestaards dat niemand dit kon waag om daarlangs verby te gaan nie. Meteens begin hulle hard uitskreeu: "Los ons uit, Seun van God! Het U hiernatoe gekom om ons voor die tyd te pynig? 'n Hele ent daarvandaan was daar 'n groot trop varke aan die wei. Die bese geeste het Jesus aangehou smee. "As U ons wil uitdryf, stuur ons dan in die trop varke in." Hy het vir hulle gesê: "Maak dan dat julle wegkom!" Hulle het toe uit die twee mense gegaan en in die varke ingevaar. Meteens het die hele trop teen die skuinste af die see ingestorm en in die golwe versuip. (Matteus 8:28-32)

Hulle bring toe vir Hom 'n verlamde man wat bedlêend was. Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: "Jongman, skep moed! Jou sondes word jou vergewe." (Matteus 9:2)

Is dit nie baie makliker om maar net te sê: 'Jou sondes word jou vergewe' as om iemand te beveel: 'Staan op en loop' nie? Ek gaan nou vir julle bewys dat Ek, die Seun van die Mens, die gesag het om op aarde sondes te vergewe. "Daarna sê Hy vir die verlamde man: "Staan op, vat jou slaapmat en gaan huis toe." Hy het opgestaan en huis toe gegaan. Toe die skare dit sien, het 'n eerbiedige vrees oor hulle gekom en hulle het God geprys omdat Hy aan iemand onder die mense soveel gesag gegee het. (Matteus 9:5-8)

Jesus was nog besig om met hulle te praat toe daar 'n vername Joodse leier na Hom toe kom en voor Hom neerval met die woorde: "My dogter is nou net dood. Kom tog en sit u hand op haar en sy sal weer lewe." Jesus het opgestaan en saam met sy dissipels agter die man aan gegaan. (Matteus 9:18-19)

Toe Jesus by die vername man se huis aankom, kry Hy daar mense wat begranismusiek maak en 'n hele klomp wat kerm en huil. Daarop sê Hy vir hulle: "Gaan buitetoe; die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net." Maar hulle het Hom uitgelag. Nadat die klomp buitetoe gejaag is, het Jesus die dogtertjie se kamer gegaan, haar hand gevat en sy het opgestaan. (Matteus 9:23-25)

Onderweg het 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, van agteraf na Jesus toe gekom en aan die rand van sy jas geraak, want sy het by haarself gedink; "Al kan ek tog maar net aan sy jas raak, sal ek gesond word." Toe Jesus omdraai en haar sien, het Hy vir haar gesê: "Skep moed, my dogter. Omdat jy so vas geglo het, is jy nou gesond." En die vrou was van daardie oomblik af heeltemal genees. (Matteus 9:20-22)

Toe Jesus daarvandaan verder gaan, het twee blindes agter Hom aan gekom. Hulle het hardop geskreeu: "Seun van Dawid, kry ons tog jammer!" Nadat Jesus in die huis gegaan het, kom die blindes na Hom toe. Daarop sê Jesus vir hulle: "Glo julle regtig Ek kan julle gesond maak?" Hulle sê vir Hom: "Ja, HERE, ons glo U kan dit doen."

Hy raak toe hulle oë aan en sê: "Soos julle geglo het, sal dit vir julle gebeur." Daarop kon hulle sien! Jesus het hulle toe ernstig gewaarsku: "Maak seker dat julle niemand hiervan vertel nie." (Matteus 9:27-30)

Hulle was nog besig om te vertrek toe mense iemand na Hom toe bring wat stom was omdat 'n bese gees beheer oor hom gehad het. Nadat Jesus die duiwel uit hom gejaag het, het die stom man begin praat. Die skare was oorweldig en het gesê: "So iets het nog nooit in Israel gebeur nie!" (Matteus 9:32-33)

Jesus het deur al die dorpe en kleiner plekkies rondbeweeg en die Goeie Nuus van die koninkryk verkondig deur die mense in hulle sinagoges te onderrig en elkeen met 'n siekte of kwaal gesond te maak. (Matteus 9:35)

Jesus het sy twaalf dissipels na Hom toe geroep en aan hulle die volmag gegee om onrein geeste uit mense te dryf en elkeen met 'n siekte of kwaal gesond te maak. (Matteus 10:1)

Maak siekes gesond, laat dooies opstaan, reinig melaatses, dryf duiwels uit. Julle het hierdie volmag verniet ontvang. Doen daarom julle werk ook verniet. (Matteus 10:8)

Johannes het in die tronk gehoor wat Jesus alles doen - werke soos die verwagte Messias sou doen. Hy stuur toe van sy dissipels om vir Jesus te vra: "Is U werklik die Messias wat sou kom, of moet ons tog iemand anders verwag?" Jesus het hulle geantwoord: "Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien - blindes sien en verlamdes loop, melaatses word gesond en dowes hoor, dooies word opgewek en armes hoor die Goeie Nuus. (Matteus 11:2-5)

"Kom na My toe, julle almal wat moeg en swaar laste moet dra, en Ek sal julle lewens verkwik. Neem my juk op julle skouers. Kom leer van My, want Ek is sag en nederig van hart, en julle sal nuwe krag kry. Want my juk sal saggies op julle skouers rus en my las is lig om te dra." (Matteus 11:28-30)

Daar sien Hy 'n man met 'n misvormde hand. Hulle vra Hom toe: "Mag 'n mens iemand op die Sabbat gesond maak?" (Hulle het natuurlik gehoop Hy sou ja antwoord sodat hulle 'n klag teen Hom kon lê.) (Matteus 12:10)

Daarna sê Hy vir die man: "Steek uit jou hand." Hy het dit uitgesteek, en dit het weer gesond geword. Dit was honderd persent normaal net soos die ander een. Daarop het die Fariseërs uitgegaan en gaan beplan oor hoe hulle Jesus uit die weg sou ruim. Toe Jesus dit hoor, het Hy daarvandaan weggegaan. 'n Groot skare het agter Hom aan gekom. Hy het al die siekes onder hulle gesond gemaak. (Matteus 12:13-15)

Hulle het 'n man in wie daar 'n duiwelse gees was, na Hom toe gebring. Die man was blind én stom. Jesus het hom gesond gemaak sodat hy kon sien en ook kon praat. Die hele menigte was verstom en het gesê: "Is Hy nie dalk tog die Seun van Dawid, die Messias, nie?" (Matteus 2:22-23)

Toe Jesus uit die skuit klim, sien Hy dat daar reeds 'n massa mense bymekaar was. Hy het 'n diepe deernis vir hulle gevoel en hulle siektes gesond gemaak. (Matteus 14:14)  
'n Groot skare het met hulle verlamdes, blindes, kreupels, stommes en nog baie ander siektes na Jesus toe gekom en hulle voor Hom neergesit. En Hy het hulle gesond gemaak. Die skare was verbaas toe hulle agterkom dat stommes praat, krepes gesond is, verlamdes rondbeweeg en blindes kan sien. En hulle het die God van Israel geloof.  
(Matteus 15:30-31)

Toe hulle by die skare aan die voet van die berg kom, nader iemand vir Jesus en val voor Hom neer. Hy sê: "HERE, kry my seun jammer! Hy kry epileptiese aanvalle en hy ly verskriklik. Baie maal val hy in die vuur of in die water. (Matteus 17:14-15)

Daarop het Jesus die bese gees in die seun skerp aangespreek en dit het hom verlaat. Onmiddellik was die kind gesond. (Matteus 17:18)

"Boonop verseker Ek julle: As twee van julle hier op aarde sou saamstem oor enigiets wat julle van God behoort te vra, sal my hemelse Vader dit vir julle doen. Waar twee of drie bymekaarkom omdat hulle my mense is, is Ek immers ook saam met hulle daar.  
(Matteus 18:19-20)

Jesus het tempel toe gegaan en al die handelaars en hulle kliënte uitgejaag. Hy het die tafels van die bankiers en die hokkies van die duiweverkopers onderstebo gegooi en vir hulle gesê: "Daar staan in die Skrif geskryf: ' My huis is bedoel om 'n huis van gebed te wees, maar julle het daarvan 'n roewersnes gemaak.' " Blinde en verlamde mense het daar op die tempel terrein na Hom toe gekom en Hy het hulle gesond gemaak.  
(Matteus 21:12-14)

Die dissipels was verstom toe hulle dit sien en het gesê: "Hoe op aarde kon die boom so skielik heeltemal opdroog?" Jesus het hulle geantwoord: " Ek verseker julle dat as julle vas glo en nie twyfel nie, julle nie net dieselfde sal kan doen nie. maar baie meer. Julle sal selfs vir hierdie berg kan sê: 'Mag God jou oplig en in die see gooi,' en dit sal so gebeur. Alles wat hulle in die gebed van God vra, sal julle ontvang, mits julle God daarmee vertrou." (Matteus 21:20-22)

Teen sonder daardie aand is baie siekes en mense wat onder die mag van bese geeste was, na Hom gebring. Die hele Kapernaum het by die deur saamgedrom om alles te sien. Jesus het baie siekes met allerlei kwale gesond gemaak en baie duiwels uit die mense gedryf, maar omdat hulle geweet het wie Hy is, het Hy hulle die swye opgelê.  
(Markus 1:32-34)

Toe sommige van die skrifkenners uit die geleedere van die Fariseërs sien dat Hy saam met sulke berugte sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels gesê: "Hoe kan julle leermeester saam met sulke immorele karakters eet?" Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: "Gesonde mense het die dokter nie nodig nie - die siekes wel. Ek het gekom om sondaars na die koninkryk te mooi, nie mense wat dink dat hulle alreeds goed genoeg is nie." (Markus 2:16-17)

Toe sê Hy vir hulle: "Die Sabbat is daar ter wille van die mens - nie die mens ter wille van die Sabbat nie. Daarom het Ek, die Seun van die Mens, seggenskap ook oor die Sabbat."  
(Markus 2:27-28)

Hy jet daardie dag baie mense gesond gemaak met die gevolg dat almal met die een of ander kwaal Hom oorval het sodat hulle aan Hom kon raak. Telkens wanneer dié wat van onrein geeste besete was Hom sien, het hulle voor Hom neergeval en geskree: "Jy is die Seun van God!" Maar Jesus het hulle streng gewaarsku om nie te sê wie Hy is nie. (Markus 3:10-12)

Hy het sy twaalf dissipels nadergeroep en hulle twee-twee uitgestuur. Hy het ook aan hulle die gesag gegee om bese geeste uit te dryf. (Markus 6:7)

Hulle het gaan verkondig dat die mense tot inkeer moet kom. Hulle het ook baie duiwels uitgedryf en baie siektes met olie gesalf en gesond gemaak. (Markus 6:12-13)

En waar Hy ook al gegaan het in kleiner of groter dorpe, of op plase het hulle die siekes by die bymekaarkomplekke neergesit en gesoebat om aan Hom te kon raak, al was dit maar net aan die rand van sy jas. En almal wat daaraan geraak het, het gesond geword. (Markus 6:56)

Sommer gou het 'n vrou in wie se dogtertjie 'n onrein gees was, van Hom gehoor en voor sy voet kom neerval. Sy was 'n Griekse vrou wat van Siro-Fenisië was. Sy het Jesus aanhou smee om die duiwel uit haar dogter te dryf. Jesus sê toe vir haar: "Ek moet eers my eie mense, die Jode, help. Dis glad nie mooi om die kinders se kos weg te vat en dit vir die huishondjies te gooi nie." Waarop sy toe antwoord: "HERE, die hondjies eet tog darem onder die tafel van die kinders se krummels." "Uitstekend!" het Jesus gesê. "Omdat jy My so goed geantwoord het, kan jy maar huis toe gaan. Die duiwel het jou dogter verlaat. Tuisgekomp kry sy toe haar kind rustig op die bed lê, heeltemal gesond. (Markus 7:25-30)

Hulle bring toe 'n dowe man met 'n spraakgebrek na Hom toe en soebat Hom om sy hand op die man te sit om hom gesond te maak. Daarna heen Jesus hom opsy, heeltemal weg van die mense af. Toe steek Hy sy vingers in die man se ore en smeer spoeg aan sy tong. Terwyl Hy na die hemel toe opkyk, sug Hy swaar en beveel toe: "Gaan oop!" Oombliklik kon die man perfek hoor en heeltemal normaal praat!" (Markus 7:32-35)

Maar wanneer julle besig is om te bid, vergewe eers enigeen teenoor wie julle 'n grief het. Dan sal julle hemelse Vader ook julle oortredings vergewe." (Markus 11:25-26)

Toe het Hy hulle beveel: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die Goeie Nuus aan almal, oral. Elkeen wat glo en gedoop word, sal gered word. Maar elkeen wat nie glo nie, sal veroordeel word. Hierdie is die wondertekens wat dié sal beleef wat glo: Hulle sal duiwels in my Naam uitdryf, en hulle sal in nuwe tale praat. Hulle sal slange ongedeerd kan hanteer en as hulle iets giftigs drink, sal dit hulle nie affekteer nie. Hulle sal siekes die hande oplê, en hulle sal gesond word." (Markus 16:15-18)

Nadat die Here Jesus klaar met hulle gepraat het, is Hy in die hemel opgeneem en het Hy op die ereplek aan God se regterhand gaan sit. Die dissipels het toe die Goeie Nuus oral gaan verkondig, en die Here het saam met hulle gewerk en hulle boodskap bevestig deur die wondertekens wat daarmee gepaardgegaan het. (Markus 16:19-20)

Kort hierna het Jesus en sy dissipels na die dorp Nain gegaan met 'n groot skare wat Hom volg. Toe Jesus die dorpsingang nader, het 'n begrafnisstoet uitgekom. Die seun wat gesterf het, was die enigste seun van 'n weduwee, en baie roubeklaers van die dorp was saam met haar. Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry. "Moenie huil nie!" het Hy gesê. Toe het Hy na die draagbaar toe geloop en daaraan geraak, en die draers het gaan staan, "Jong man," het Hy gesê, "staan op!" Toe het die dooie seun regop gesit en met die mense om hom begin praat! En Jesus het hom aan sy ma teruggegee. Groot vrees het die skare oorweldig - hulle het God geprys en gesê: "'n Magtige profeet het onder ons opgestaan," en: "Ons het vandag die hand van God gesien werk." (Lukas 7:11-16)

Nie lank hierna nie het Jesus begin met 'n reis deur al die dorpe en kleiner plekkies om die Goeie Nuus oor die koningsheerskappy van God bekend te maak. Hy het sy twaalf dissipels saamgeneem, asook 'n paar vroue wat Hy gesond gemaak het en uit wie Hy bese geeste gedryf het. Onder hulle was Maria Magdalena uit wie Hy sewe bese geeste dedryf het, Johanna, die vrou van Gusa, Herodes se sakebestuurder, Susanna en baie ander wat uit hulle eie middele bygedra het om Jesus en sy dissipels te onderhou. (Lukas 8:1-3)

Die Here het nou 72 ander dissipels gekies en hulle in pare vooruit gestuur na al die dorpe en plekkies wat Hy wou besoek. (Lukas 10:1)

"As 'n dorpie julle verwelkom, eet wat ook al aan julle voorgesit word en genees die siekes. Terwyl julle hulle genees sê dan: 'Die koningsheerskappy van God is nou naby julle.' " (Lukas 10:8-9)

Toe die 72 dissipels terugkom, het hulle met vreugde gesê: "Here, selfs die duiwels gehoorsaam ons wanneer ons u Naam gebruik!" "Ja," het Hy hulle vertel. "Ek het Satan uit die hemel sien val soos 'n weerligstraal! En Ek het julle gesag gegee oor alle mag van die vyand, en julle kan oor slange en skerpioene loop en hulle vermorsel. Niks sal julle beseer nie. Maar moenie bly wees net omdat bese geeste julle gehoorsaam nie; wees bly omdat julle name opgeteken is as burgers van die hemel!" (Lukas 10:17-20)

"Wanneer 'n bese gees iemand verlaat, gaan dit die woestyn in op soek na rus. Maar as hy dit nie kry nie, sê hy: 'Ek sal teruggaan na die persoon toe waar ek vandaan kom.' Hy gaan dis terug en kry sy vorige tuiste uitgevee en skoon. Dan gaan haal hy sewe ander geeste erger as hyself, en trek in die persoon in en bly in hom. En so is daardie persoon slegter daaraan toe as voorheen." (Lukas 11:24-26)

Een Sabbatdag, terwyl Jesus in die sinagoge onderrig gegee het, het Hy 'n vrou gesien wat deur 'n bese gees inmekaargetrek is. sy was vir agtien jaar lank kromgetrek en kon nie regop staan nie. Toe Jesus haar sien, roep Hy haar nader en sê: "Vrou, jy is van jou kwaal genees!" Toe het Hy haar aangeraak en sy kon dadelik regop staan. Hoe het sy nie God geloof en gedank nie! (Lukas 13:10-13)

Een Sabbatdag was Jesus in die huis van 'n leier van die Fariseërs. Die mense het Hom stip dopgehou want daar was 'n man wie se arms en bene geswel was. Jesus vra toe die Fariseërs en wetskenners: "Wel, is dit volgens wet toelaatbaar om mense op die Sabbatdag gesond te maak, of nie?" Toe hulle weier om te antwoord, het Jesus die siek man aangeraak, hom genees en huis toe gestuur.

Toe het Hy na hulle gedraai en gevra: "Wie van julle werk nie op Sabbat nie? As jou seun of bees in 'n put val, sal jy jom nie dadelik daar uithaal nie?" Weer het hulle geen antwoord gehad nie. (Lukas 14:1-6)

Die apostels het toe vir die Here gesê: "Help ons. Ons het meer geloof nodig." Die Here het gereageer: "Al sou julle maar net 'n geloof só klein soos 'n mostertsaadjie gehad het, sou julle aan hierdie moerbeiboom gesê het: 'Ontwortel jouself en gaan verplant jou in die see,' - hy sou julle gehoorsaam!" (Lukas 17:5-6)

"'n Slaaf wat sy opdragte uitgevoer het, ontvang mos nie dank nie! Net só is dit ook die geval met julle: As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: 'Ons is net niks werd slawe. Ons het bloot uitgevoer wat ons moes doen.' " (Lukas 17:9-10)

Dit het gebeur terwyl Jesus deur die gebied tussen Samaria en Galilea op reis was na Jerusalem toe. Toe Hy 'n sekere dorpie binnegegaan het, het tien melaatse mans Hom teëgekomp, maar op 'n afstand bly staan. Hulle het hard na Hom geroep: "Jesus. Here, kry ons tog jammer!" Toe Hy hulle sien, sê Hy aan hulle: "Gaan wys julleself aan die priesters." Terwyl hulle soontoe op pad was, het hulle gesond geword. Een uit die groep, toe hy sien dat hy gesond geword het, het omgedraai en met 'n harder stem vir God geloof. Hy het op sy gesig aan Jesus se voete neergeval en Hom gedank. Hierdie persoon was 'n Samaritaan. Toe merk Jesus op: "Was daar dan nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege? Is daar niemand anders wat omgedraai het om God te loof behalwe hierdie vreemdeling nie?" Aan hierdie man het Hy gesê: "Staan op en gaan. Jou geloof het jou gered." (Lukas 17:11-19)

Toe dié wat saam met Jesus daar was, besef wat met Hom gaan gebeur, vra hulle: "Here, moet ons hulle met die swaard te lyf gaan?" Een uit hulle geleedere het toe na die slaaf van die hoofpriester gekap en sy regteroor getref. Maar Jesus het gereageer: "Hou dadelik op hiermee!" Daarna het Hy die oor aangeraak en dit gesond gemaak. (Lukas 22:49-51)

Jesus het geantwoord: "Ek verseker jou, as iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy so nimmer as te nooit in die koninkryk van God ingaan. Wat uit 'n menslike liggaam gebore is, is menslik, en wat uit die Gees gebore is, is gees. (Johannes 3:5-6)

"God het die mensewêreld só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie die Seun na die mensewêreld toe gestuur om die mense te veroordeel nie, maar sodat die mense deur Hom gered kan word. "Die persoon wat aanhou om in Hom te glo, word nie veroordeel nie. Die een wat egter nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie tot geloof gekom het in die enigste Seun van God nie." (Johannes 3:16-18)

Hulle het na Johannes toe gekom en vir hom gesê: "Rabbi, die man wat aan die oorkant van die Jordaanrivier saam met u was, oor wie u getuig het, Hy doop ook en almal stroom na Hom toe." Johannes het daarop gereageer: " 'n Mens is nie in staat om iets te ontvang as dit nie vanuit die hemel aan hom gegee is nie. Julle self is my getuies dat ek gesê het: 'Ek is nie die Messias nie. Ek is maar net voor Hom uit gestuur.' Dit is die bruidegom aan wie die bruid behoort; die vriend van die bruidegom gaan staan en luister of hy kom, en hy is sommer baie bly wanneer hy die stem van die bruidegom hoor. Daarom loop ek nou oor van blydschap. (Johannes 3:26-29)

Hóm het God gestuur om die woorde van God mee te deel, want God gee Hom sy Gees sonder om dit af te meet. Die Vader het die Seun lief en Hy het Hom gesag oor alles gegee. Wie glo in die Seun, besit noe reeds die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie ervaar nie, maar die oordeel van God rus op hom." (Johannes 3:34-36)

Die koninklike amptenaar sê toe vir Hom: "Meneer, kom asseblief voordat my seuntjie sterf." Maar Jesus sê vir hom: "Gaan terug jou seun lewe." Die man het Jesus op sy woord geneem en dadelike vertrek. Sommer nog terwyl hy op pad was, het die slawe hom tegemoetgegaan en gesê dat sy seun leef. (Johannes 4:49-51)

Onder hulle was daar 'n seker persoon wat al 38 jaar lank siek was. (Johannes 5:5) Jesus sê toe vir hom: "Staan nou op, tel jou slaapmatjie op en loop!" Onmiddellik het die man gesond geword, sy slaapmatjie opgetel en weggestap. Op daardie dag was dit die Sabbat. (Johannes 5:8-9)

Hierna loop Jesus hom toe in die tempel raak en sê vir hom: "Kyk, jy is genees. Moenie verder sonde gaan doen nie sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie." (Johannes 5:14)

Terwyl Jesus wegstap, het Hy 'n man gesien wat van sy geboorte af blind was. Sy dissipels vra Hom toe: "Rabbi, wie het nou eintlik gesondig, hierdie man self of sy ouers, dat hy blind gebore is?" Jesus het geantwoord: "Nie hierdie man of sy ouers het gesondig nie, maar hy is blind sodat God se werke in hom sigbaar kan word. Ons moet aanhou om die werke te doen van Hom wat My gestuur het tewel dit nog dag is; die nag is in aantog, waneer niemand meer kan werk nie. Terwyl Ek nog in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld." (Johannes 9:1-5)

"Ek is die hek; as iemand deur My ingaan, sal hy beslis gered word. Hy sal ingaan en uitgaan en groen weiding kry. Die dief kom vir niks anders nie as om te steel, dood te maak en te vernietig. Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, ja, om dit oorfloedig te hê. "Ek is die Goeie Herder. 'n Goeie herder offer sy lewe op vir die skape." (Johannes 10:9-11)

Die susters het toe iemand na Jesus toe gestuur om te sê: "Here, kyk, hy vir wie U lief is, is siek." Jesus het die boodskap gehoor en gesê: "Hierdie siekte is nie dodelike nie, maar vind plaas om die heerlijkheid van God sigbaar te maak sodat die Seun van God daardeur verheerlik word." (Johannes 11:3-4)

Nadat Hy dit gesê het, het Hy met 'n kragtige stem uitgeroep: "Lasarus. kom uit!" Die dooie het uitgekroon, sy voete en hande nog toegedraai in doeke en sy gesig nog verbind met 'n kopdoek. Jesus sê vir hulle: "Maak die doeke los en laat hom gaan." (Johannes 11:43-44)

"Ek verseker julle, wie aanhou om in My te glo, sal ook die werke doen wat Ek doen; hy sal selfs nog groter dinge as dit doen omdat Ek na die Vader toe op pad is. Wat julle ook al sou vra in my Naam, dit sal Ek doen sodat die Vader deur die optrede van die Seun verheerlik sal word. As julle enigiets in my Naam vra. sal Ek dit beslis doen." (Johannes 14:12-14)



Net tóé word daar 'n man aangedra wat van sy geboorte af lam was. Mense het hom daaglik laat sit by die tempelpoort wat as Mooipoort bekend staan, om by die tempelgangers te bedel. Petrus en Johannes wou net in die tempel ingaan, toe hy hulle sien en 'n bydrae by hulle vra. (Handelinge 3:2-3)

Maar Petrus sê: "Geld het ek nie. Maar wat ek het, dít gee vir jou: Op gesag van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!" Petrus vat die man toe aan sy regterhand en help hom op. En onmiddellik het sy voete en enkels gesond en sterk geword. Hy het opgespring, op sy voete gestaan, en begin rondstap. Daarna, terwyl hy rondstap, huppel en God prys, is hy saam met hulle die tempel in. (Handelinge 3:6-8)

Dis die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, die God van ons voorvaders wat met hierdie daad Goddelike eer aan Jesus, sy Dienaar, gee. Dis hierdie selfde Jesus vir wie julle uitgelewer en voor Pilatus verwerp het, al was Pilatus se uitspraak dat Hy vrygelaat moes word. Julle het hierdie heilige en opregte man verwerp, en eerder geëis dat 'n moordenaar vrygelaat word. Julle het die Bron van lewe doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek! "Die Naam van Jesus het hiedie man se bene weer sterk gemaak - en julle weet hoe verlam hy was. Geloof in die Naam van Jesus het hom heltemal gesond laat word, hier reg voor julle oë." (Handelinge 3:13-16)

Ek wil dit duidelik stel aan die hele volk Israel dat hy gesond gemaak is in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het. (Handelinge 4:10)

Daar is geen redding by iemand anders nie. Daar is geen ander naam op aarde wat mense kan aanroep om gered te word nie." (Handelinge 4:12)

Almal was inderdaad besig om God te prys vir die wonderteken - 'n man wat al oor die 40 jaar verlam was, is immers gesond gemaak! (Handelinge 4:22)

Kom tot inkeer en maak reg met God sodat julle sondes uitgevee kan word. Dan sal die teenwoordigheid van die Here tye van oplewing tot gevolg hê, en Hy sal Jesus julle Messias weer na julle toe stuur. Hy moet in die hemel bly totdat die tyd aangebreek het wanneer God alles nuut maak, soos God dit lank gelede deur sy profete belowe het. (Handelinge 3:19-21)

Die apostels het baie tekens en wonders onder die volk gedoen. Ak die gelowiges het gereeld saamgekom in dié deel van die tempel wat as die Pilaargang van Salamo bekend staan. Niemand anders het dit sommer gewaag om by hulle aan te sluit nie. al het almal hoë agting vir hulle gehad. Al meer mense het in die Here geglo, groot getalle mans en vroue. Mense het selfs siekes op draagbare en bedmatjies in die straat uitgedra sodat wanneer Petrus verbyloop, sy skaduwee dalk op party van hulle kon val. Skares mense het van die dorpe rondom Jerusalem af gekom en siekes en mense gebring wat onder onrein geeste gely het. Hulle is almal gesond gemaak. (Handelinge 5:12-16)

Filippus het byvoorbeeld na die stad Samaria gegaan en hulle van Christus vertel. Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien wat hy doen, het hulle aandagtig na sy boodskap geluister. Onrein geeste het met groot geskreue uit baie mense uitgegaan, en baie wat verlam en kreupel was, is gesond gemaak. Daar was groot blydskap in daardie stad. (Handelinge 8:5-8)

Daar het hy 'n man met die naam Eneas gekry wat verlam en al agt jaar bedlêend was. "Eneas," het Petrus toe vir hom gesê, " Jesus Christus maak jou gesond! Staan en rol jou bed op!" En hy het dadelik opgestaan. (Handelinge 9:33-34)

In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita (in Grieks is sy "Dorka"). Sy was altyd besig om aan ander goed te doen en armes te help. Juis is dié tyd het sy siek geword en is sy dood. Hulle het haar liggaam vir die begrafnis voorberei, en in 'n bokamer neergelê. (Handelinge 9:36-37)

Petrus het almal egter uitgestuur, en toe het hy gekniel en gebid. Hy het na die liggaam toe gedraai en gesê: "Tabita, staan op!" Sy het haar oë oopgemaak! Toe sy Petrus sien, het sy regop gesit. Hy het haar sy hand gegee en haar help opstaan. Toe het hy die gelowiges en die weduwees geroep, en hulle gewys sy leef. (Handelinge 9:40-42)

In Listra was daar 'n man wat sy voete nie kon gebruik nie. Van sy geboorte af was hy verlam en kon hy nooit loop nie. Hy het geluister terwyl Paulus praat. Paulus het stip na hom gekyk en gesien dat hy die geloof het om gesond gemaak te word. Toe het hy met 'n harde stem gesê: "Op jou voete!" Die man het opgespring en begin rondstap. (Handelinge 14:8-10)

Toe het daar Jode van Antiogië en Ikonium af gekom en die mense na hulle kant toe oorgehaal. Hulle het Paulus gestenig en hom uit die stad gesleep onder die indruk dat hy dood is. Toe gelowiges 'n kring rondom hom begin vorm, het hy opgestaan en weer die stad ingegaan. Die volgende dag het hy en Barnabas na Derbe toe vertrek. (Handelinge 14:19-20)

God het deur Paulus se optrede wonderbaarlike dinge gedoen sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy vel geraak het, op siekes gesit is, hulle siektes verdwyn het. Selfs bese geeste het uit mense uitgegaan. (Handelinge 19:11-12)

Daar was 'n plaas in daardie omgewing wat aan die hoof van die eiland, 'n man met die naam Publius, behoort het. Hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik as sy gaste gehuisves. Dit het so gekom dat Publius se pa dood in die bed was, siek aan maagkoors. Paulus het na hom toe gegaan, en nadat hy gebid het, het hy sy hande op hom gesit en hom gesond gemaak. Ná hierdie voorval het ook die ander siekes op die eiland gekom, en is hulle gesond gemaak. Hulle het ons met baie eerbewyse oorlaai, en toe ons wou wegvaar, het hulle vir ons alles opgelaai wat ons nodig gehad het. (Handelinge 28:7-10)

Ja, juis toe ons nog totaal hulpeloos was, het Christus vir ons, die goddeloses, kom sterf. 'n Persoon sal kwalik bereid wees om vir 'n regverdige mens te sterf. Miskien sal iemand nog kans sien om vir 'n besonder goeie mens te sterf. God laat blyk sy liefde vir ons egter daarin dat Christus vir ons kom sterf het ten spyte daarvan dat ons nog sondaars was. Ons is nou vrygespreek deur Jesus se dood. Hoeveel te meer sal Hy ons nie, deur Jesus, red van die toekomstige oordeel nie! Want as God ons, terwyl ons nog sy vyande was, deur die dood van sy Seun tot sy vriende gemaak het, hoeveel te meer sal Hy ons nie nou dat ons sy vriende is, deur Hom, die lewende Jesus, van die oordeel red nie! Bo alles kan ons nou ook jubel in God omdat Jesus Christus ons Here ons bevoorreg het om nou God se vriende te wees. (Romeine 5:6-11)

Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Want as ons glo met ons hart, word ons vrygespreek en as ons met ons mond bely, word ons gered. (Romeine 10:9-10)

Die geloof volg uit die aanhoor van die boodskap. En die aanhoor van die boodskap volg uit die prediking van die Goeie Nuus wat handel oor Christus. (Romeine 10:17)

As enigiemand dan op 'n onwaardige manier van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal daardie persoon skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Dit is waarom julle julleself moet ondersoek voordat julle van die brood eet en uit die beker drink. Want as julle sommer so op 'n onbedagsame manier van die brood eet en uit die beker drink, eet en drink julle 'n oordeel oor julleself omdat julle nie die nodige respek teenoor Christus se liggaam betoon nie. Dit is waarom daar baie swakkes en siekes onder julle is, en heelwat onder julle reeds oorlede is. (1Korintiërs 11:27-30)

Ons moet dus baie styf vashou aan die boodskap wat ons gehoor het sodat ons tog nie dalk wegdryf nie. Die woord wat God deur engele aan ons gegee het, het nog altyd onwrikbaar vas gestaan. Daarby is mense tereg gestraf vir elke oortreding van God se wet en elke daad van ongehoorsaamheid. Wat laat ons dan dink dat ons skotvry daarvan sal afkom as ons ons rug draai op so 'n wonderlike redingsboodschap - 'n boodskap wat ons Here Jesus eerste begin verkondig het en wat daarna deur dié wat Hom gehoor het, aan ons as die vasstaande waarheid deurgegee is. God het ook nog hierdie waarheid verder bevestig deur tekens en wonderweke, deur allerlei kragtige dade en deurdat Hy sy Gees aan mense toebedeel soos Hy dit goedvind. (Hebreërs 2:1-4)

Wat is geloof dan? Dit is 'n vaste versekering dat die dinge waarna ons uitsien, inderdaad sal gebeur. Dit is die bewys dat God die dinge wat ons nog nie kan sien nie, waar sal maak. Juis op grond van hierdie geloof wat hulle aan die dag gelê het, word daar so positief oor die mense van vroeër getuig. Omdat ons glo, verstaan ons dat God, deur net 'n woord te spreek, die ganse heelal geskep het. Dit wat ons nou kan sien, het dus nie uit sigbare dinge ontstaan nie. (Hebreërs 11:1-3)

As jy nie glo nie, is dit onmoontlik om God tevrede te stel. Wie tot God wil nader, moet glo dat Hy werklik dáár is en dat Hy dié wat na Hom soek, daadwerklik beloon. (Hebreërs 11:6)

Versterk daarom daardie hande wat slap geword het en die knieë wat knak, en laat julle voete reguit vorentoe hardloop. Dan sal die beseerde voet nie ingee nie, maar eerder gesond word. (Hebreërs 12:12-13)

Jesus Christus bly steeds dieselfde gister, vandag en vir altyd! (Hebreërs 13:8)

Vra God as jy nie kan agerkom wat Hy wil hê jy moet doen nie. Hy sal jou eenvoudig daardie wysheid gee, en jou nie verwyf dat jy dit gevra het nie. Maar, as 'n mens bid, moet jy die vertrouwe hê dat God sal antwoord, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. (Jakobus 1:5-6)

Aangesien julle wys is en verstaan wat God wil hê, moet julle sorg dat julle leefstyl goed is. Julle wysheid moet juis in nederige gedrag sigbaar word. (Jakobus 3:13)

Wys dus dat julle van God afhanklik is deur na Hom te luister. Weerstaan die duiwel en hy sal van julle af wegvlug. Kom nader aan God, en Hy sal nader aan julle kom. Was julle hande van die sonde wat daaraan kleef, julle sondaars, maak julle harte skoon, julle tweegesigte wat nie kan besluit aan wie julle getrou wil wees nie. (Jakobus 4:7-8)

Wees dan geduldig, liewe broers en susters, totdat die Here weer hier is. Dink net hoe 'n boer uitkyk vir die herfs- en lente-reën. Hy wag geduldig vir die kosbare oes wat die land oplewer. (Jakobus 5:7)

Is daar van julle wat swaarkry? Dan moet julle aanhou bid daarvoor. En dié wat opgeruimd is, moenie ophou lofliedere sing nie. Is daar van julle wat siek is? Dan moet julle die ouderlinge van die gemeente laat kom. Nadat die ouderlinge die siekes met olyfolie in die Naam van die Here gesalf het, moet hulle vir hulle bid. En 'n gelowige gebed sal die siek mens gesond laat word; die Here sal hom laat opstaan. En watter sondes die sieke ook al gedoen het, dit sal hom vergewe word. Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word., Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige werking. (Jakobus 5:13-16)

God het Hom lank voor die skepping al hiervoor bestem. God het Hom egter eers in hierdie eindtyd vir almal sigbaar gemaak. En Hy het dit vir julle gedoen. Christus maak dat julle al julle vertrou op God stel. God het Christus uit die dood opgewek en herlikheid aan Hom gegee. Daarom stel julle al julle vertrou en hoop op God. (1Petrus 1:20-21)

Daar is natuurlik geen verdienste daarin as julle die houe vat vir 'n oortreding nie. Om egter die houe te vat wanneer julle goedgeen, dit is iets besonder voor God. Hierdie soort swaarkry maak juis deel uit van dit waartoe God julle geroep het, Christus, wat vir julle gely het, is julle voorbeeld. Trap in sy spore. Hy het nooit sonde gedoen deur 'n leuen te vertel nie. Toe Hy beledig is, het Hy nie terugbeledig nie; toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie. Hy het alles oorgelaat aan God wat altyd regverdig oordeel. Hy het self ons sondes in sy liggaam weggedra kruis toe. Só is ons vry van dié sonde. Nou kan ons lewe omdat God ons verhouding met Hom herstel het. Deur sy verwonding is julle genees! Vroeër was julle soos verdwaalde skape. Nou het julle egter teruggekom na julle Herder; Hy is die Bewaker van julle lewe. (1Petrus 2:20-25)

Toe het die engel aan my die rivier met lewegewende water gewys. Dit is helder soos kristal en vloei vanaf die troon van God en die Lam. Die rivier vloei al met die middel van die hoofstraat langs. Aan elke kant van die rivier groei 'n boom van die lewe. Dit dra twaalf keer per jaar vrug; elke maand dra hy sy vrugte. En die blare van dié boom gee genesing aan die nasies. (Openbaring 22:1-2)

-oOo-